BURGER (Kaap Stedelik), Sport 24
Friday, 27 November 2009, p. 25

Brown wil spanmaat beloon

EUNICE VISAGIE
KAAPSTAD

Arran Brown sal Sondag graag een van sy spanmaats wil help om 'n oorwinning in Die Burger-fietstoer te behaal.

Hy wil net seker maak hy behaal 'n algehele sege in die Alpha Pharm nasionale reeks.

Die Burger-fietstoer is oor 97 km en begin om 05:50 by Nelson's Creek, buite Wellington.

Vir die 24-jarige Brown (Medscheme) gaan dit nie soseer om nog 'n sege in 2009 te behaal nie, maar hy wil graag sy eerste posisie in die reeks verseker.

Brown het vanjaar agt keer op die boonste trappie van die wennerspodium gestaan.

"Ek voel geen persoonlike druk om te wen nie. Ek sal natuurlik daarvan hou om te wen. 'n Mens probeer mos altyd om 'n wedren te wen," het Brown gesê.

"Ek wil egter graag die Alpha Pharm-reeks wen, so daar is druk om goed te vaar. Ek sal Nolan (Hoffman) moet dophou.

"My spanmaats het vanjaar so hard vir my gewerk dat ek eintlik Sondag een van hulle sal wil help om 'n sege te behaal."

Hoffman is net 30 punte agter Brown. As Brown onder die voorste vyf jaers eindig, sal hy 'n algehele sege verseker, al wen Hoffman die wedren.

Die roete wat die jaers gaan volg, is nie een van die moeilikste in die Kaap nie. Maar Botmanskloof is nie een van die maklikste klimme nie en die Paardebergpad kan lekker moeilik raak as die wind nie saamwerk nie.

Met so baie op die spel, is die bestanddele daar vir 'n baie opwindende wedren.

Volgens Brown geniet hy dit baie om in die Kaap te jaag.

"Ek het nog altyd daarvan gehou en daarom sal dit lekker wees as daar meer groot wedrenne hier is. Die omgewing en die roetes sorg vir lekker wedrenne," het Brown gesê.

Arran Brown (Medscheme) soek met 'n goeie vertoning in Die Burger-fietstoer Sondag 'n algehele sege in die Alpha Pharm nasionale reeks. **Foto: VERSKAF**